Publication: Bloemnuus
Date: Thursday, August 31, 2017
Page: 3

# Stap saam vir geestesgesondheid

Lientjie Mentz
lientjie.mentz@media24.com




**Die dapper stappers van Bloemfontein is van links, voor: Amaria van Vuuren, Emmarentia Taylor en Ina Brümmer; agter: Hester Steyn, Suzane Wille en Suemé Steenkamp.** Foto: Lientjie Mentz

Met Crazy Socks en helderkleurige vellies aan hul voete wys ses Bloemfonteiners hulle is gereed vir 'n malle ervaring – 'n 307 km-staptog van Jacobsdal tot in Beaufort-Wes.

Personeel van private hospitale oor die land heen gaan aan Crazy for Walking deelneem, wat in Pretoria begin en op 10 Oktober op Wêreldgeestesgesondheidsdag by die V&A-waterfront in Kaapstad gaan eindig.

Suzane Wille, organiseerder van die plaaslike been van die staptog waaraan Bloemcare-personeel gaan deelneem, meen die doel van die staptog is om aan die destigmatisering van geestessiektes te werk.

"Praat van mal," sê sy. "Mal is tog om al die pad van Pretoria tot in Kaapstad te loop – 1 500 km ver."

Dr. Colin Finucane, 'n pastorale berader, en Deon Labuschagne, wat aan bipolêre versteuring lei en serebraal gestrem is, gaan saam met die stappers reis en op geselligehede in die verskillende dorpe praat om die boodskap te versprei.

Labuschagne is ook die ambassadeur van die Happiness Helps-projek wat mense help om op verskillende maniere hul geestesgesondheid te bestuur.

Elke span is verantwoordelik vir 'n bepaalde deel van die 1 500 km en die Bloemfonteiners spring op 17 September in Jacobsdal weg.

Hulle sal op 22 September in Beaufort-Wes aankom, waar 'n ander span by hulle gaan oorneem.

Wille verduidelik dat die ses stappers dit op 'n aflosbasis gaan doen. Afstande is ongeveer 60 km tot 75 km per dag.

Francois Louw, uitvoerende hoof van die Vista-kliniek, een van die psigiatriese hospitale in die National Health Network-groep van hospitale, sê hulle moedig alle mense aan om op 10 Oktober iets mal te doen.

"Dit is ter viering van Wêreldgeestesgesondheidsdag en in samehorigheid met mense wat aan geestessiektes ly."

Nicolene Cronje, die projekbestuurder, sê hulle wil met hierdie veldtog die aandag op 'n ernstige probleem vestig, maar op 'n prettige manier.

"Ons wil hê mense moet verstaan dat iemand wat aan 'n geestessiekte ly, nie 'mal' is nie."

Volg die veldtog op die webwerf www.crazyforwalking.co.za.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.